DIE BURGER 3 SEPT 2015

GOEDKOPER GENERIESE MIDDEL NOU BESKIKBAAR

Kan Alzheimer só vertraag

'Beter om met kombinasie van medikasie te begin'

Elsabé Brits

KAAPSTAD. – 'n Middel wat help om alzheimersiekte te vertraag indien daar vroeg daarmee begin word, is nou as 'n goedkoper generiese alternatief beskikbaar.

Dié middel, genaamd Memor, is die genetiese weergawe van Ebixa (memantien).

Dr. Felix Potocnik, 'n kenner van demensie, het gesê omdat simptome stadig begin, is dit beter om met kombinasie medikasie te begin. "Al is daar nie 'n kuur vir die siekte nie, is daar twee vorms van behandeling wat die verloop van die siekte kan vertraag."

Die eerste groep medikasie (donepezil, rivastigmine en galantamine) word cholinesteraseinhibeerders genoem.

Die brein van iemand wat aan alzheimersiekte ly, het laer vlakke van 'n chemiese stof genaamd asetielcholien. Dit help om boodskappe tussen senuweeselle te stuur.

Dié middels voorkom dat 'n ensiem die asetielcholien afbreek en verlig simptome.

Die tweede middel se aktiewe bestanddeel is memantien. Glutamaat is nog 'n stof wat help om boodskappe in die brein te stuur, maar in mense wat aan alzheimersiekte ly, word te veel vrygestel en dit beskadig selle nog verder. Die middel blokkeer dié effek.

> **Al is daar nie 'n kuur vir die siekte nie, is daar twee vorms van behandeling wat die verloop van die siekte kan vertraag.**
>
> — DR. FELIX POTOCNIK, 'N KENNER VAN DEMENSIE

Wouter Lombard, bemarkingsbestuurder van Cipla SA, het aan *Die Burger* gesê die tablette van 10 mg elk kom in 'n boksie van 60.

Die prys waarteen Cipla dit aan apteke verkoop, belasting ingesluit, is R507, máár dit is die standaardprys en apteke se pryse waarteen hulle dit sal verkoop, wissel.

Wat is die verskil tussen demensie en Alzheimer?

Demensie is nie 'n spesifieke siekte nie, maar 'n term wat 'n wye reeks simptome beskryf en dit is deel van 60% tot 80% van mense wat alzheimersiekte het. Vaskulêre demensie kom soms ná 'n beroerte voor.

Volgens die Alzheimer-vereniging word daar gereeld verkeerdelik na demensie as "seniele demensie" verwys, omdat mense glo dat erge verstandelike agteruitgang deel is van die "normale verouderingsproses". Dit is nie.

Die verskil tussen alzheimersiekte en ouderdom is:

- swak oordeelsvermoë en besluit teenoor 'n swak besluit nou en dan;
- onvermoë om te begroot vs. vergeet 'n maandelikse betaling;
- verloor tred met datums en seisoene vs. vergeet watter dag dit is en onthou dit later;
- sukkel om 'n gesprek te voer vs. vergeet 'n woord; en
- verplaas 'n artikel, maar kan nie terugloop op spore nie vs. verlê 'n artikel van tyd tot tyd.